Februarie 2011

AMOSPOS –*elektronies*
DIS MOS SIELEKOS

Namibia

Posbus 90960
Suna Brisley Klein Windhoek
Tel: + 264 81 1488 993
Fax: + 264 61 253 182
Email: adminnamibia@amosafrica.net
Web: www.amosafrica.net/namibia
Bank: Standard Bank
Branch: Ausspannplatz
Code: 082 672
Account: 142 853 690 (Save)

As ons om ons kyk dink ek daar is een begrip wat ons almal verstaan ***GOD HET DIE MENS ON-VOORWAARDELIK LIEF!!*** Want hoe anders kan ons verklaar dat God die sluise van die hemel vir ons oopmaak, terwyl ons maar steeds voortgaan om:

- Besittings lief te hê en mense te gebruik
- Korrupsie maar te aanvaar
- Heiligheid van die huwelik te minag
- Ons koppe weg te draai van die nood om ons

Joh.13:15 sê Jesus: " Ek het vir julle 'n voor-beeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het,

PLAASWERKERSKAMPE - OPDRAG: Matt.28:19 en 20 "Gaan dan na AL die nasies toe en maak die mense my DISSIPELS: doop hulle in die Naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees, en LEER hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. …"

WAT IS DUS DIE DOEL VAN DIE PLAASWERKERSKAMPE?

- Verduidelik die Woordelose boekie en sy inhoud aan die boer en sy werkers
- Rus die boer toe met materiaal om DAAGLIKS sy dag op die plaas rondom die Woord van God te begin.
- Skep 'n ***beplannings geleentheid*** waar die boer en sy werkers saam kan beplan hoe ONS die Here gaan dien op ONS plaas.
- Moedig en verduidelik aan die boer wat dit beteken om ***TE LEEF EN TE BOER OP GOD SE MANIER.***

Januarie 2011—Plaaswerkers kamp te ISABIS—plaas van Joachim en Adele Cranz.
Tussen 50 en 60 plaaswerkers van 6 plase kom bymekaar. Adele skryf daarna die volgende " ..***Hier is sommer 'n groot verandering op ons plaas en in ons huis—dis heerlik***!!!"

Samuel lei sy kleingroepie en Ds. Hein Schaaf hou toesig

Lucia verduidelik die woordlose boekie aan die kinders

Daar is ook Lekker geëet! geëet

Daar word nuwe liedjies geleer

Die belangrikste van die hele dag is om die vraag te antwoord:
"WAT EN HOE GAAN ONS DIT NOU VAN HIER AF OP ONS PLAAS DOEN??"

*Die 5 "**B's**' moet nou plaasvind:*

- ***B**ID*
- ***B**ESLUIT*
- ***B**EPLAN*
- ***B**EGIN*
- ***B**ESTUUR*

Geestelike leiers word gekies en oor 6 maande word hierdie leiers saam met die boere op die plaas weer toegerus tydens 'n leierskap kursus. Ons gebed is dat elke boer verantwoordelikheid vir sy eie mense en sy omgewing se mense sal aanvaar en daar DIE OPDRAG van JE-

Frikkie Duvenhage laat weet dat op Sondag, 21 November, het hulle 'n Plaaswerkers saamtrek op die plaas Kroonster, 70km Oos van Gobabis. Ongeveer 60 Boesman sprekendes maak hulle opwagting met amper-ontelbaar-baie kindertjies! Omdat die Woord van God al 'n geruime tyd hier bedien word, en daar gerugte was van afvalligheid, was die tema "**Stap 'n pad met die Here".** Dankbaar dat berig kan word dat die saad op vrugbare grond geval het en dat die omgewing se mense hulle eie kerk-saamtrek georganiseer het op 19 en 20 Febr.2011. Hierdie dui op groei in die regte rigting—om *self verantwoordelikheid te aanvaar en nie altyd op ander te wag nie!*

In Februarie 2011 hou ons nog 'n plaaswerkers saamtrek op die plaas Constantia, van Oom Gert en Tannie Joey Vermeulen. Sarie Louw in samewerking met Ds. Mornay le Roux organiseer die dag. Nege plase se mense vergader—ongeveer 100 mense! Die Here Jesus het self al vir ons gesê: "***Die oes is groot, maar die arbeiders is min"*** Jammer dat daar net 4 plaaseienaars die dag teenwoordig was—is dit nie wat ons die graagste doen: Ek gee my bakkie/trekker , ek gee my werkers af , *maar,* ***solank ek net nie nodig het om myself te gee nie!.*** Jesus stel egter nie belang in offerhande nie, maar in **gehoorsaamheid!** Ons vertrou God op Sy Woord—Hy belowe ons in Fil.1:6 dat Hy die goeie werk wat Hy in ons begin het, enduit sal voer! Aan Hom alle eer!.

JOSEF, EEN VAN ONS STUDENTE LEIERS, LEWER GETUIENIS VAN 'N WONDERWERK WAT IN SY LEWE PLAASGEVIND HET.

Sou jy behoefte hê om ook 'n plaaswerkers saamtrek op jou plaas of in jou omgewing te organiseer, kontak met Herdrik Botha Tel: **062—518375** of met Jannie Wiese , Tel: **062-570316**

Frikkie Duvenhage en Zuzanne trou die 11de Desember 2010 in Suid –Afrika. Hy en sy meisie bly nou in 'n huisie op 'n plaas in die Ooste van Namibië. Baie geluk julle twee en mag die seën van die Here op julle huwelik rus!

AMOS BEES PROJEK



Met groot vreugde en dankbaarheid kan ons terug rapporteer dat hierdie projek ‘n groot sukses was en ook ‘n goeie belegging. Die bees is nou bemark en die geld is vir eers op belegging gesit. Amos stel hom ten doel om finansieel in so ‘n posisie te wees, dat materiaal en Bybels gratis of teen ‘n fraksie van die koste verskaf kan word waar nodig—veral op plaaswerkers kampe waar daar ‘n geweldige behoefte is. Ons is egter ongelukkig nog nie daar nie.

Ongelukkig het Amos die huurgrond verloor en kan ons dus nie weer bees met die geld aankoop nie. Die vooorstel wat op die tafel is, is dat ons wel die bees aankoop, maar by Amos boere self. Hierdie boere onderneem dan dat die bees (1 of 2 of dalk meer) gratis by hulle op die plaas kan loop. Amos-boere kyk na die bees en bemark dit wanneer gereed is. Natuurlik kan hierdie bees ook nie vrek of siek word of gesteel raak nie!! Wanneer dit bemark word, kan nuwe bees aangekoop word op dieselfde voorwaardes.
Op hierdie manier doen elke boer ‘n deeltjie en het ons nie nodig om nog ‘n persoon aan te stel om na die projek te kyk nie. Die bemarking is ook makliker.
Sou u belangstel en bereid wees om deel van hierdie projek te word, skakel asb met ***Frikkie Duvenhage—Sel: 081 374 3107 of Johan Deysel—sel: 081 124 4466***

Verskeie materiaal is by ons Amos kantoor in Windhoek beskikbaar. Suna kan geskakel word gedurende gewone werksure en sal jou graag van hulp wees.
Hierdie keer wil ons spesifiek praat oor die DVD ***PROMISE OF THE VELD. Van Roland Kingwill.***

Die storie van Roland Kingwill gee nie net vir ons ‘n goeie inleiding nie, maar ook ‘n mooi oorsig en geheelbeeld van die betekenis van *Living and Farming God’s Way.* Hierdie 27min dokumentêre program daag jou uit om diep na te dink oor praktiese Christenskap.

Roly Kingwill is in 1905 gebore en het in 1997 in die ouderdom van 92 jaar gesterf. Die DVD vertel vir ons die storie van wat gebeur het sedert Roly in 1938, ‘n vaste verbintenis met die Here aangegaan het.

Daar is 20 Konikryks-beginsels wat in die DVD na vore kom.!! As jy ‘n boer is, is hierdie DVD vir jou ‘n moet!

DIT IS BESKIKBAAR TEEN SLEGS N$50 BY ONS KANTOOR.
Om te weet watter ander materiaal beskikbaar is, kan gerus op ons webwerf gekyk word.

NUUS UIT DIE SUIDE—*Tannie Grieta van der Merwe skryf dat die nuwe jaar vir haar met ‘n spoed begin het. Sy besoek tans ongeveer 50 plase en sy sê sy raak opgewonde oor elke afspraak! Sy raak opgewonde oor die Woord en dat dit vasgeanker is en dat sy bevoorreg is om dit uit te dra—dit is haar visie! Dankie Tannie Grieta vir jou voorbeeld en inspirasie!/*

HENDRIK BOTHA VERTEL:……
November 2010 hou hulle span, Hendrik, Kappie, Elfeus, Johannes en Festus ‘n plaaswerkers kamp in die KAMANJAB omgewing. Ongeveer 80 plaaswerkers en 4 boere woon dit by. Op Sondag, 20 Februarie 2011 hou Hendrik ‘n plaasbyeenkoms by IMKERHOF, saam met Ds. Pine Pienaar—met die doel om die boere toe te rus en betrokke te kry by die evangelisasie van hulle plaaswerkers.

Kom ons bid vir:

- *Sondag 6 Maart en 13 Maart, as Hendrik Omatako wyk en Hochfeld wyk besoek—kom ons vra die Here om Boere sagte harte te gee.*
- *25-27 Maart vir opvolg besoeke in die Kamanjab omgewing, met die tema ‘ Het jy gelooofsekerheid?”*
- *Piet Dreyer besoek Namibië in Mei—kom ons vra dat God self die grond sal voorberei*
- *Geestelike leiers op plase—dat die Here hulle sal help om gehoorsaam aan Sy Woord te lewe*

Groete in Christus hier uit die Amos kantoor tot volgende keer!